Gebedspraktyke en geloofsoortuigings van kerklos millenniër-Christene: ’n Ritueel-liturgiese verkenning

Marileen Steyn en Cas Wepener

Marileen Steyn en Cas Wepener, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die uitvloei van millenniër-Christene uit baie kerke op internasionale en plaaslike vlak veroorsaak in heelwat kringe bekommernis en onsekerheid. Dié kommer en onsekerheid word in Suid-Afrika versterk deur ’n gebrek aan kontekstuele navorsing wat akademici en gemeentes kan begelei in hul bediening aan kerklos millenniër-Christene. Hierdie navorsing en artikel bied ’n stem in hierdie gesprek deur die geloofspraktyke van kerklos millenniër-Christene vanuit hul gebede te bestudeer, met behulp van die aksioom *lex orandi, lex credendi* (die reël van aanbidding is die reël van geloof). Die uiteindelike doel is om te kyk hoe daar oor millenniërs se aanbidding herbesin kan word.

Osmer (2008) se model vir praktiese teologiese ondersoek word as metodologie gebruik om ’n chiastiese beweging te vorm wat beweeg vanaf die praktyk van kerklos millenniër-Christene se gebede (*lex orandi*), tot by hul geloofsoortuigings (*lex credendi*) en uiteindelik terug na die manier waarop daar saam met millenniërs aanbid word. Gegronde teorie word ook as metodologie gebruik in die ontleding van die gebedsjoernale, waardeur “God, die Versorger, met ons” as ’n kerngeloofsoortuiging van kerklos millenniër-Christene geïdentifiseer word. Tog word daar bevind dat ou Godsbeelde nuwe betekenisse in nuwe kontekste kry, en om hierdie rede is nuwe benaderings tot ontmoetings met God nodig.

Die begrippe en terme *anateïsme*, *ana-ekklesia* en *analeitourgia* word gebruik om nuut te dink oor die wyse waarop God ontmoet word, waarop daar met mekaar vergader word en hoe God in die alledaagse beleef word. Rituele word as begin- en eindpunt in die herbesinning van aanbidding saam met kerklos millenniër-Christene voorgestel. Dit is met behulp van rituele dat die kerk kan beweeg na ’n alternatiewe, gegronde geloofsgemeenskap wat God in die alledaagse en in die vreemde(ling) ontmoet.

Trefwoorde: ana-ekklesia; *analeitourgia*; anateïsme; gebed; geloof; kerklos; *lex credendi; lex orandi;* millenniërs; ritueel

Abstract

Prayer practices and faith convictions of churchless millennial Christians: A ritual-liturgical exploration

As of late the church, globally and locally, has expressed concern regarding the absence of the millennial generation in its pews. National and international trends indicate that millennials (of whom many have a church background) are leaving the traditional church – thereby becoming "churchless". However, research indicates that this trend mostly reflects millennials' rejection of the church and not the rejection of the Christian faith itself. Therefore there is a need to rethink worship with the millennial generation.

The lack of South African research on millennials and their relationship with the church complicates the task of addressing this need. South Africa's context differs significantly from those of other countries, so that it would be reckless to apply international research to South African millennials without first contextualising the data.

This research seeks to be a local voice in the discussion about millennials and the church by addressing the following research question: What insights can the prayer practices of churchless millennial Christians offer into their faith practice if the axiom *lex orandi, lex credendi* (the rule of prayer/worship is the rule of faith) is employed? A second question also presents itself: How can worship with millennials subsequently be reconsidered?

The axiom *lex orandi, lex credendi* is used to indicate the interdependent relationship between worship and faith. Following this axiom, prayer both reflects and forms faith. Thus, a chiastic movement can be employed to move from the prayer practices (*lex orandi*) of churchless millennial Christians towards their faith convictions (*lex credendi*) and back again to possible forms of worship (*lex orandi)* with this generation. Such a movement also fits Osmer's model (Osmer 2008, *Practical theology: An introduction*) for practical theological interpretation, the primary methodology chosen for this research.

In this research the analysis of the prayer practices of a sample of churchless millennial Christians served as the descriptive-empirical task of Osmer's model. Grounded theory was used as the methodology for this specific part of the research. Grounded theory, as an inductive methodology, is unique in its focus on theory generation and the authenticity of the data.

By coding the prayer journals of both churchless and churchgoing millennial Christians, categories within prayer were identified and used to generate a theory on the faith convictions of churchless millennial Christians. The authors of these prayer journals became co-researchers in this research project as they entered into a form of auto-ethnography in recording their own prayer practices.

The theory generated from the coding and analysis suggests that churchless millennial Christians believe in *God, the One who cares for and is with us*. This image of God consists of two main ideas, namely God as the provider and God as a relational and immanent God.

Furthermore, it was found that churchless millennial Christians have prayer practices that are fluid in terms of both their structural and spatial components. Many co-researchers indicated a free-flowing structure in their prayers, often accompanied by unconventional spaces such as

the dance floor, the mall, and the bathroom. This seems to affirm the faith conviction of an immanent God.

This image of *God, the One who cares for and is with us* may very well be a faith conviction expressed throughout the Bible, but the new and unique contexts of churchless millennial Christians give new meanings to an old idea. An overview of the contexts of this generation (in terms of factors such as technology, relationships, education and world events) indicates that the categories that emanate from the prayers of millennials have new nuances that ought not to be overlooked.

It can be said that churchless millennial Christians face a wide range of losses that hinder their access to "the good life". These losses are comparable to the locust plagues in the Biblical book of Joel. In order to guide millennials through their unique context and experience of loss, a new approach to worship is necessary. Such a new approach moves away from a church-centred paradigm where the focus lies on getting millennials back into the pews. Rather, the missional paradigm is called for in which the church gathers in the absence of the church (building) in order to lament, mourn and pray. Such an approach is made possible through the concept of anatheism. Anatheism is focused on seeking God on the other side of traditional ideas of God. Or, put another way: "Seeking God after the death of God". Essentially, this concept embraces the fears and doubts people might have concerning God in order to meet God as a Stranger.

The anatheistic approach asks the church to move away from the role of an all-knowing authority on God that should be approached in order to receive God. Rather, it encourages an understanding of the church as part of the community of not-knowing, who receive God in humility through hospitality towards the God unknown. Such an approach of not-knowing encourages curiosity and a search for God that yearns to be satisfied. In this approach, doubt may even be encouraged, as it opens the door to new encounters with God. Such an approach does not call the church to silence, but rather towards humility. It is an invitation to let go of the pressure of being in control and instead join a greater community of seekers. Perhaps the church may even encounter, along with churchless millennial Christians, the compassionate and immanent God whom Joel proclaims.

Anatheism reminds Christians that all need to seek God beyond God. But churchless millennial Christians are a stark reminder to the church that it is time to seek the church beyond the church. The church is called to find its identity as church beyond the current formats of being church. One could call it a call towards ana-ekklesia. The missional church defines its identity in the light of its being sent out into the world. Its existence is thus not solely dependent on its functionality as a consumer item within this world. Instead, the church's identity lies in its task to guide others into the greater story of God and God's people. The Reformed Church's name and credo of *semper reformanda* serves as an incentive to rethink, reimagine and reform its ways. Similarly, the challenge of the millennial generation is not necessarily directed at the church, but at its format. In fact, communities of believers gather in many places outside the church and hence the whereabouts of the (traditional) church could be questioned just as much as the whereabouts of the churchless millennial Christians.

It is amidst anatheism and ana-ekklesia that analeitourgia is found. This is the art of recognising and creating alternative liturgies that are not reliant on the church building or traditional rituals. Research shows that Christians' liturgies are often found in everyday places and in everyday activities. The dichotomic separation of secular and sacred no longer holds water. Instead,

churches are invited to move into people's lived theologies towards greater understanding, but also greater participation in the sacrality of the everyday. Therefore, churches are called to both acknowledge and help form missional liturgies and rituals that can move beyond the church walls, beyond the conventionally sacred. In order for churches to do this, five acts are suggested.

The first is to identify rituals (whether conventionally sacred or secular) that play a big role in churchless millennial Christians' lives and to understand the function of these rituals – specifically in terms of the manner in which they relate to experienced losses or the celebration of the good life. This forms part of the level of analeitourgia. Churches, all members being included, are then invited to join millennials in these spaces during these rituals in order to build relationships and become a part of their spiritual "tribes". This second act is on the level of ana-ekklesia, as new formats of being church are explored. As part of the anatheistic level, churches are invited to receive God as the Stranger. This third act is an act of discernment. It is because of this discernment that churches can re-enter the level of ana-ekklesia in joining the Spirit in God's mission. New ways of joining the Spirit among churchless millennial Christians are then pursued as a fourth act. The final act is to return to the level of analeitourgia when the church humbly engages with churchless millennial Christians in challenging and reforming rituals in order to receive God and the Spirit in the everyday.

It is in practising these five acts that the church can move through anatheism, ana-ekklesia and analeitourgia towards forming part of a greater community of faith that is grounded in people's everyday lives and contexts, and in the work of the Holy Spirit.

Churchless millennial Christians' prayers may seem conventional, but the generation, by staying away from conventional church (buildings), is implicitly extending a profound invitation to the church. It is an invitation to reconsider the God whom Christians worship (anatheism), the identity and forms of the church (ana-ekklesia) and the acts and spaces that serve as meeting grounds with God (analeitourigia). It is our suggestion that a culture of not-knowing (a *lex non credendi),* of reforming and of rituality can make worship with this "lost" generation possible.

Keywords: ana-ekklesia; *analeitourgia*; anatheism; churchless; faith practices; *lex credendi; lex orandi;* millennials; prayer practices; ritual

1. Inleiding

Te midde van die oorvloed stemme wat die millenniërgenerasie bespreek, deel kerke ook hul kommer oor hierdie groep. Die kerk is naamlik besig om 'n tendens op beide internasionale en nasionale vlak waar te neem waarvolgens millenniër-Christene (van wie baie 'n kerklike agtergrond het) glad nie by 'n kerk inskakel nie en dus *kerklos* word.[1] Kinnaman (2011:25) se navorsing wys egter dat hierdie afwesigheid nie noodwendig die verwerping van die Christelike geloof weerspieël nie, maar eerder die verwerping van die kerk as deel van die millenniërs se aanbiddingswêreld. Die vraag is gevolglik hoe kerklidmate ander verstaan wat die kerk as aanbiddingsruimte verwerp en hoe die punt bereik kan word waar daar saam met hulle aanbid word.

Wanneer die verhouding tussen die kerk en kerklos millenniërs ondersoek word, kom die tekort aan plaaslike navorsing duidelik na vore. Die konteks van Suid-Afrika verskil egter te veel van dié van ander lande, sodat navorsing nie bloot van daar af oorgedra en toegepas kan word nie (Van der Westhuizen 2015:12). Daar is dus ’n leemte ten opsigte van plaaslike navorsing oor kerklos millenniër-Christene.

Dit is vanuit hierdie konteks dat die navorsingsvraag ontstaan het en aan die spesifieke fokus van die gebedspraktyke van millenniër-Christene gekoppel kan word: Watter insigte kan die gebedspraktyke van kerklos millenniër-Christene vir hul geloofsoortuigings bied wanneer die aksioom *lex orandi, lex credendi* (die reël van gebed/aanbidding is die reël van geloof) toegepas word? Voortvloeiend uit hierdie eerste vraag kom ’n tweede vraag: Hoe kan daar gevolglik oor millenniërs se aanbidding herbesin word?

2. *Lex orandi, lex credendi*

Die vertaling van *lex orandi, lex credendi* is omstrede (sien Geldhof 2010:165–6; De Clerck 1994), maar oor die algemeen word dit vertaal as *die wet van gebed bepaal die wet van geloof*, en ook *die manier waarop jy bid, bepaal wat jy glo* (McGrath 2011:142; Smit 2004:2).

Hiermee word daar nie bedoel dat gebed of aanbidding belangriker as dogmatiek is nie, maar eerder, soos wat Geldhof (2010:166) uitlig, dat die twee wedersyds afhanklik is. Tog meen Kangwa (2017:480) dat aanbidding die eerste uitdrukking van geloof bly. Op soortgelyke wyse redeneer Elizabeth (2016:73) dat taal geloof skep of onderhou. Smith (2009) se teorie van die mens as *homo liturgicus* stel dit verder ook dat die gevoelsmatige die nadenkende vooraf gaan (Smith 2009:58–9).

Die gebruik van hierdie aksioom is konteksgebonde (De Clerck 1994:178). In tye van standvastigheid sal dit vir mense sin maak om die reël van aanbidding te gebruik om agter te kom wat geglo word (De Clerck 1994:179), terwyl die reël van geloof in tye van liturgiese hervorming gebruik word om die reël van aanbidding te verander. Die navorsing vir hierdie projek het albei praktyke geïnkorporeer, aangesien die *lex orandi* juis in ’n tyd van verandering gebruik is om die *lex credendi* te verstaan. So ook word die *lex orandi* vanuit die insigte oor kerklos millenniër-Christene se *lex credendi* herbesin. Albei elemente speel dus ’n normatiewe rol. Die navorsing gebruik wel die term *lex orandi* breër as in die oorspronklike bron deur ook na aanbidding in die geheel te verwys.

3. *Lex orandi* – ’n gegronde teoretiese studie

Die navorsing het Osmer (2008) se metodologie vir praktiese teologiese ondersoek gevolg. Osmer se model, wat op ’n sterk akademiese grondslag geskoei is, verbind die krities belangrike komponent van empiriese navorsing met die hermeneutiese benadering (Osmer 2011:2; Pieterse 2017:3). In hierdie navorsing het die empiriese komponent uit ’n gegronde teoretiese studie van gebedsjoernale bestaan.

Geskoei op die werk van Bryant en Charmaz (reds.) (2007:608) en Steyn (2016:21) kan gegronde teorie beskryf word as ’n induktiewe benadering tot kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing wat deur middel van abduktiewe denke nuwe teorieë genereer wat in die data *gegrond* is. Die doel is dus nie om literatuur in die praktyk te begrond nie, maar om vanuit die praktyk na die teorie te beweeg. Die klem val dus op teoriegenerering en die betroubaarheid van die data (Urquhart 2013:13).

Daar is gekies vir ’n kwalitatiewe benadering tot die navorsing wat die realiteit (wat deur die data verteenwoordig word) as subjektief en sosiaal gekonstrueer beskou en dit dus eerder interpreteer as om dit, soos in die geval van kwantitatiewe navorsing, positivisties te benader (Yilmaz 2013:314). Gegronde teorie en kwalitatiewe navorsing is goeie pasmaats, omdat kwalitatiewe navorsing juis op die insigte wat uit data verkry kan word en/of die generering van teorieë, gefokus is (Birks en Mills 2011:16; MacDonald en Hedlam 2011:8).

Die empiriese steekproef is deur teoretiese steekproefneming, soos in Birks en Mills (2011:69) en Pieterse (2010:119, 123) verduidelik word, aangepas en aangevul. Die steekproef het bestaan uit 16 millenniër-Christene[2] woonagtig in die Wes-Kaap wat vrywillig ingestem het om deel te neem. Teoretiese steekproefneming is wel gebruik om die databron ten opsigte van geslag en ouderdom te balanseer. Die eerste agt deelnemers was kerklos[3] en het deel van die eerste siklus van oop kodering uitgemaak, terwyl die ander agt deelnemers kerkgaande was en deel van die tweede siklus van selektiewe kodering uitgemaak het.

Elke deelnemer is gevra om vir ’n periode van twee weke ’n gebedsjoernaal te hou. Die millenniërs se deelname word as ’n vorm van outo-etnografie beskou. Alhoewel outo-etnografie tradisioneel verwys na die wyse waarop ’n navorser hom- of haarself bestudeer, verwys dit in hierdie geval na die wyse waarop die millenniërs hulself en hul gebedspraktyke bestudeer het (Brunsdon en Lotter 2011:3). Om hierdie rede word daar verder na hulle as medenavorsers verwys.

Gebed is breed gedefinieer en medenavorsers is aangemoedig om enige gesprek met God, hetsy formeel of informeel, neer te skryf. Hierdie gebede is verbatim of volgens tema opgeskryf, afhangende van waarmee die medenavorser gemaklik gevoel het.[4]

Tydens die eerste siklus van oop kodering is die gebede in kleiner stukke data verdeel ten einde die data te vermeerder en die ontleding te verdiep.[5] Dié kleiner stukke data is toe gekodeer. As deel van hierdie proses is verwante inhoud aan mekaar verbind om kategorieë te vorm. 35 kategorieë is geïdentifiseer. Verwante kategorieë is verbind om uiteindelik 18 groter kategorieë te vorm. Dié kategorieë is geëtiketteer om die onderliggende geloofsoortuiging te weerspieël. Die volgende groter kategorieë is geïdentifiseer:

1. God gee en doen – generies
2. God gee liefde, genade en seën
3. God gee krag en hulp
4. God gee fisiese voorwerpe
5. God gee wysheid, waarheid en insig
6. God gee die goeie / sukses
7. God help ons groei
8. God versorg
9. God sien om na fisieke welstand

10. God sien om na emosionele welstand
11. God gee vergifnis
12. God gee en ons praat oor mense en verhoudings
13. Ons praat oor spesifieke gebeure, take en situasies
14. Ons praat oor alledaagse leefwêreld en roetine
15. Ons soek (kontak met) God en sy wil
16. Ons erken God se Goddelikheid
17. Ons struikel
18. Ons sê dankie.

Tydens die tweede siklus van selektiewe kodering is slegs twee nuwe kategorieë geïdentifiseer, naamlik (i) God gee die natuur, en (ii) God gee redding deur die kruisgebeure. Die voorkoms van beide hierdie kategorieë kan egter toegeskryf word aan die verskil in tydperk waartydens die joernale gehou is (Desember/Januarie teenoor Maart/April). Tematies gesproke is daar dus nie ’n beduidende verskil tussen die gebede van kerklos en kerkgaande millenniër-Christene nie.

Dit is wel merkwaardig dat die kerklos medenavorsers meer geneig was as die kerkgaande medenavorsers om vir die volgende kategorieë te bid: *God gee fisiese voorwerpe*; *Ons soek (kontak met) God en sy wil*; *Ons erken God se Goddelikheid* en *Ons struikel*. Hierin lê leidrade vir die kerklos millenniërs se soeke na ’n verbintenis met God. Dit is ’n waarskuwing dat “kerklos” nie met “apaties” verwar moet word nie. Waar kerkgaande millenniër-Christene wel vir die bogenoemde kategorieë gebid het, het daar baie meer kodes na vore gekom. Dit wys iets van die belangrikheid van hierdie kategorieë onder die kerkgaande medenavorsers wat wel oor hierdie sake gebid het. Onder kerkgaande medenavorsers het daar baie meer kodes vir *God help ons om te groei* na vore gekom. Dus kan daar ’n verband tussen kerkbywoning en groei in dissipelskap en op ’n persoonlike vlak getrek word.

Verder was daar ook ’n verskil in rituele tyd en ruimte. Dit wil blyk dat kerkgaande millenniër-Christene meer gestruktureerd bid (bv. oggend- en aandgebede) terwyl minstens die helfte van die kerklos millenniër-Christene ’n groter vloeibaarheid in hul gebedspraktyke aangetoon het.

Die einddoel van ’n gegronde teoretiese ondersoek bly egter teoriegenerering en vir hierdie doeleindes is die kategorie *God versorg* as die kernkategorie van kerklos millenniër-Christene se gebede geïdentifiseer. Deur middel van aksiale kodering is die derde siklus van gegronde teorie voltooi, soos in Figuur 1 aangedui.

Figuur 1. Aksiale kodering met "God versorg" as kern-kategorie

God versorg bestaan uit twee komponente, naamlik die voorsienende rol van God en die verhoudingskomponent.

Uiteindelik is daar gevind dat die godsbeeld van *God, die Versorger, met ons* sentraal staan. God word dus gesien as 'n Voorsiener wat betrokke is in mense se lewens en met wie hul kontak en 'n verhouding kan hê. Die gesprekstyl wat in heelwat van die gebede voorkom en deur die medenavorsers self verduidelik is, dui op 'n meer intieme verhouding met Iemand wat deurlopend teenwoordig is. Die *lex orandi* getuig dus van 'n geloofsoortuiging van "God, die Versorger, met ons".

4. *Lex credendi* – die nuwe uit die oue

4.1 'n Nuwe konteks

"God, die Versorger, met ons" is egter nie 'n nuwe geloofsoortuiging nie. Die konteks van millenniërs verskil te drasties van die konteks van die Bybelverhale om dié geloofsoortuiging sonder verdere nabetragting te aanvaar. Wanneer die konteks van millenniër-Christene verstaan word, kan nuwe nuanses van 'n ou geloofsoortuiging waargeneem word.

Millenniërs is die mees diverse generasie. Ten spyte van die invloede van globalisering en tegnologie kan die groep nie as homogeen beskou of gehanteer word nie (Steyn 2018; Hamman 2019, loc. 231). Tog kan die konteks van millenniërs met behulp van vier bakens ontleed word, naamlik (i) die beskikbaarheid en gebruik van tegnologie; (ii) familie, vriende en sosiale wisselwerking; (iii) onderrig; en (iv) groot gebeurtenisse (Steyn 2018). Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie kontekste volgens sosio-ekonomiese vlak kan verskil. Wat volg, is maar algemene opmerkings met die gemiddelde medenavorser se konteks in gedagte.

Millenniërs leef in die tyd van tegnologiese omwenteling met ’n oorvloed van inligting (*information overload*). Die neweproduk hiervan is egter, in die woorde van ’n gespreksgenoot, ’n vorm van waansin, want mense het nie die wysheid om met al die beskikbare inligting om te gaan nie (Steyn 2018; Kinnaman 2011:30). Hierdie “waansin” word vererger deur die groeiende voorkoms van vals nuusberigte en postwaarheid filosofie en politiek.

Tegnologie bied ook uitdagings en geleenthede met betrekking tot familie, vriende en sosiale wisselwerking. Te midde van ’n netwerkkultuur waar menseverhoudings op sosiale media gefasiliteer word, is daar steeds onsekerheid of hierdie platforms menseverhoudings op ’n positiewe wyse bevorder.[6] Ongeag hierdie onsekerheid word daar gevind dat millenniërs, onder andere as gevolg van hul ouderdom en lewensfase, hoë vlakke van eensaamheid beleef (Howe 2019). Eensaamheid kan bydra tot die hoë voorkoms van angs en gemoedsversteurings waaraan millenniërs erken word (Hamman 2019, loc. 256).

In die Suid-Afrikaanse konteks is onderrigvlak die faktor waar daar die minste veralgemeen kan word. Daar is steeds groot verskille in die vlak van onderwys wat Suid-Afrikaners geniet, en die skeiding is steeds merendeels volgens ras (Ngozo en Mtantato 2018; SAHRC 2017:17). Die vlak van onderwys skep ook in latere stadiums diversiteit, aangesien millenniërs ook volgens hul sosio-ekonomiese konteks onderskei kan word (Dicey 2016).

Laastens speel groot gebeure en tendense soos ekonomiese onbestendigheid (Wasserman 2019), politieke onstabiliteit (Marsh 2019) en ’n ekologiese krisis (Martine en Alves 2015:434) ’n groot rol in millenniërs se konteks. Tegnologie gee ’n konstante vloei van internasionale nuus, met die gevolg dat slegte nuus nie net die betrokke lande beïnvloed nie, maar ook dié wat van die nuus hoor (Reader 2008:9–11). Hierdie gebeure, insluitende staatskaping en stygende egskeidingsyfers, sowel as Suid-Afrika se geskiedenis van apartheid wat deur die politici en die kerk ondersteun en bevorder is, dra daartoe by dat formele en tradisionele instansies en gebruike hul geloofwaardigheid onder millenniërs verloor.

Baie millenniërs se konteks word verder gekompliseer deur die nuutgeïdentifiseerde lewensfase van ontluikende volwassenheid waarin baie hulle bevind (Arnett 2010:90; Greyling 2018:74–7). Dit verwys na die wyse waarop millenniërs die fase van volwassenheid láter betree omdat hulle langer studeer, later die werksplek betree, later uit die huis trek en later (indien enigsins) trou (Arnett 2010:90; Hamman 2019, loc. 812). Die voorkoms van ontluikende volwassenheid is konteksgebonde. In ontwikkelende lande soos Suid-Afrika word hoofsaaklik net stedelike middelklasjongmense van hoër inkomste en opleiding in hierdie lewensfase geplaas (Arnett 2019, s.p.). Saam met hierdie fase kom ’n reeks uitdagings wat maatskaplike, psigologiese en morele probleme insluit (Smith, Christoffersen, Davison en Herzog 2011).

’n Nuwe konteks bring dus nuwe verliese, of ou verliese in nuwe vorme. Die konteks soos bespreek, getuig van verliese aan wysheid, waarheid en insig in gesonde verhoudings, sowel

as aan emosionele en fisieke welstand. Ekonomiese en politieke onstabiliteit, sowel as werkloosheid kan ook lei tot wat Mitchell en Anderson (1983:40) as intrapsigiese verlies aandui – die verlies aan die droom en aan dít wat kon gewees het. Dit is dan geen wonder nie dat kerklos millenniër-Christene juis vir al hierdie positiewe dinge bid.

Hamman (2019) stel die verliese wat millenniërs beleef, gelyk aan die sprinkaanplae in die Bybelse boek Joël. Hy beveel die narratief van Joël aan om millenniërs te help beweeg na 'n groter narratief en na die goeie lewe waarna hulle streef (Hamman 2019, loc. 180). Tog is die kerk en samelewing swak toegerus om hierdie verliese te identifiseer, te benoem en deur te werk (Hamman 2019, loc. 457). Daarom is 'n nuwe benadering nodig.

4.2 'n Nuwe benadering

'n Nuwe konteks vra 'n nuwe benadering tot aanbidding, sodat daar vanuit verliese na die goeie lewe beweeg kan word. Joël is hier van hulp wanneer hy die volk na afloop van die sprinkaanplae oproep om te vergader en deel te neem aan liturgiese handelinge soos rou, vas en gebed (Hamman 2019, loc. 492; 558). Sou Joël se oproep dan nie juis beteken dat millenniërs kerk toe moet kom nie? Só 'n kerk(gebou)-gesentreerde benadering is egter nie meer effektief nie, omdat millenniërs, wat wel graag vergader en gemeenskappe skep, verkies om dit buite die tradisionele verstaan van kerk en kerkwees te doen (Hamman 2019, loc. 1708).

Die redes hiervoor is veelvoudig. Kinnaman (2011) fokus op die wyse waarop die kerk versuim om millenniërs te help om verhoudings te bou, om hul roeping te ontwikkel en om in wysheid te groei. Ander kritiek teen die kerk sluit in dat die kerk oorbeskermend, oppervlakkig, antiwetenskaplik, seksueel onderdrukkend, eksklusief en twyfelloos is (Kinnaman 2011). Te midde van Ammerman (2014, loc. 2325–502) se verskeidenheid redes vir kerkverlating, staan die rol van oorgange in jongmense se besluite om die kerk te verlaat, uit. Om hierdie redes (en waarskynlik vele meer) kies millenniërs téén die kerk as hul tempel.

Die profeet Joël wys egter dat die tempel nie noodsaaklik is om in te vergader of te aanbid nie, maar dat die verbintenis met God steeds deur gebed (*lex orandi*) onderhou kan word (Hamman 2019, loc. 1053). Dit gryp terug na 'n missionale begrip van kerkwees waar die kerk se identiteit lê in die wyse waarop sy na die wêreld uitgestuur word (sien Bosch 2011:400). Dit is om te onderskei waar God aan die werk is en daarby aan te sluit – en God werk tog nie net in die kerkgebou nie (Algemene Sinode 2013:206). Baie van die voorbeelde van "God, die Versorger, met ons" geskied immers buite die tradisionele tempel of kerk. Die uitdaging vir die kerk is dus nie net om mense *saam te bring* by die kerkgebou nie, maar om ruimtes te vind om met millenniërs *saam te kom* of te vergader (Hamman 2019, loc. 1270).

Hier ontstaan kreatiewe spanning tussen die gas en gasheer in die ontmoeting van die ander (Kearney 2010:27, 46). Alhoewel die kerk lank daaraan gewoond was om die rol van gasheer in die ontmoeting van ander te speel, moet kerklike mag nou prysgegee en gasvryheid betoon word deur sonder mag na die millenniërs te kom. Die kerk kan dus slegs deur 'n gas te word, 'n gasheer vir millenniërs word.

Die nuwe benadering behels nie die verwerping van die kerkgebou as ruimte vir 'n ontmoeting met God nie, maar vra wel vir 'n uitleef van God se gasvryheid teenoor ander deur vanaf 'n bediening *aan* millenniërs na 'n bediening *saam met* millenniërs te skuif. Sodoende vorm die kerk dan deel van mense se sogenaamde geestelike of spirituele binnegroep (*spiritual tribes* –

Ammerman 2014, loc. 361). Hierdie binnegroepe luister na die heilige en gewyde stories, maar tree ook normatief op deurdat hulle help om die storie te skryf.

Tog het min kerke rituele wat ook hul millenniërs begelei ten tye van ’n verlies van ’n huwelik, ’n verhouding, ’n werk of ’n fetus.[7] Daar is navorsing wat in hierdie rigting beweeg (sien Wepener en Greyling 2019), maar as dit by die praktyk kom, staan dit nog grootliks op die kantlyn. Die kerk moet begin om nie net betekenisvolle rituele daar te stel nie, maar ook die belang of betekenis van die rituele wat wel daar is, sterker uit te lig (Kinnaman 2011:121). Vanuit ’n nuwe benadering kan daar oorbeweeg word na ’n nuwe ontmoeting met God.

4.3 ’n Nuwe ontmoeting

Millenniërs se ontmoetings met God lyk anders as vantevore, omdat millenniërs tradisionele denke en gebruike bevraagteken (Hamman 2019, loc. 122). Die middele wat tradisioneel as ruimtes van ontmoeting met God voorgehou word (die Bybel, gebed, die sakramente en die kerk), word in baie Westerse lande bevraagteken en selfs verwerp (Hamman 2019, loc. 199). Daarom skryf Meylahn (2012:38) dat die postmoderne konteks vra dat die kerk se klem weg van verkondiging verskuif na luister, gesels, dialoog, vertolk en ontvang.

Anateïsme is vir Kearney (2010:3) die antwoord op die vraag na hoe mens kan voortgaan om oor die heilige te praat en geloof te hê wanneer God (of ten minste tradisionele denke oor God) aan die verdwyn is. Hoe kan mens geloof anderkant ongeloof kry, God anderkant God? Kearney wys daarop dat God op ander plekke as by die self (dit wat die mens self alreeds weet of glo) ontmoet moet word omdat die mens, as gasheer of -vrou, vir God as Vreemdeling, as ’n Gas, ontmoet.

Gesprekke oor *God anderkant God* is van toepassing op alle Christene, omdat niemand vrygestel is van tye van ongeloof nie (Kearney 2010:5–6). Tog is hierdie oomblikke van twyfel een van die hoofredes waarom Christene die kerk verlaat (Kinnaman 2011:186). Die uitdaging van die kerk is om ’n ruimte te word waar twyfel in en getrouheid aan God in kreatiewe spanning gehou word, sodat die twee mekaar kan aan*vul* in plaas van aan*val* (Kinnaman 2011:187).

Rollins (2006:25) lig die belang van ongeloof in geloof uit deur *a/teïsme* onder Christene aan te moedig. Hy meen dat *ateïsme* deurgetrek moet word sodat die mens ongeloof het in die God in wie mens glo. Dit is om in God te glo, maar om te twyfel in dit wat oor God geglo word (Rollins 2006:26). Hierdie *a/teïsme* is noodsaaklik as gevolg van die mens se beperkte vermoë om God in God se grootsheid te verstaan. Dus help hierdie tipe (on)geloof ook die gelowige om ’n afgodsteologie (waar mense se beperkte begrip van God gelykgestel word aan wie God werklik is) te laat vaar (Rollins 2006:2). Hierdie benadering stel mens in staat om weerloos te staan in die aangesig van die mens se onvermoë om alles van God te weet en om sodoende vir God op ’n nuwe manier in die alledaagse te ontmoet (Kearney 2010:5). Dit gryp terug na Anselmus se bekende uitdrukking “geloof op soek na begrip” (Ward 2017:33).

Anateïsme werk op ’n soortgelyke wyse met twyfel en geloof en skep daardeur ’n ruimte waar ongelowige Thomasse nie net geduld word nie, maar met ope arms verwelkom word – nie omdat die kerk so genadig is nie, maar omdat die kerk besef dat juis hierdie ongelowige Thomasse wat hul hande in die sy van Christus steek, die voorlopers in nuwe ontmoetings met God kan wees.

Prakties beteken dit dat die kerk nie regtig in beheer oor idees oor God is nie. Millenniërs kan die kerk help om te onderskei waar en hoe God in hul konteks werk. Dit is om beheer te laat vaar oor die inhoud van geloofsgesprekke. Dit beteken nie die kerk moet stilbly nie. Dit beteken slegs dat die kerk ook nie al die praatwerk doen nie. Die doel hier is nie tradisionele evangelisasie waar millenniërs Jesus in hul lewe moet toelaat en ontvang nie, maar die doel is eerder 'n soeke na die wyse waarop mense hulself vir 'n ontmoeting met God as Vreemdeling kan oopstel (Müller 2011:174).

Die kerk kan egter steeds 'n getuie wees van die barmhartige God van Joël wat die mens te midde van die verwoesting van sprinkaanplae ontmoet (Hamman 2019, loc. 1441). Hierdie beeld van God is nie ver verwyder van *God, die Versorger, met ons* nie. Wanneer hierdie ontmoeting met God, die Versorger, met ons plaasvind, word daar na ritualiteit oorbeweeg, soos gesien kan word uit die dankgebede van die kerklos millenniër-Christene. Daar word dus gevra na 'n samekoms en *lex orandi* wat vanuit 'n *lex non credendi* (reël van ongeloof) beweeg om sprinkaanplae te berou en ontmoetings met God, die Versorger, met ons te vier.

5. *Lex orandi* – 'n gegronde geloofsgemeenskap

5.1 Kerk anderkant kerk

Die uitdaging is om God anderkant God te soek. Die uitdaging wat egter voor die kerk lê, is om kerk anderkant kerk te soek. Wie is die kerk dus wanneer die voorafopgestelde idees van kerkwees wegval? Om dit te kan beantwoord, moet die redusering van kerkwees tot die bywoning van 'n gestruktureerde en geskeduleerde samekoms laat vaar word. Dit gaan oor hóé die kerk nuut kerk kan wees.

Sommige mag vra of dit nie tyd is om te erken dat die kerk in totaliteit 'n argaïese en oortollige instansie is nie. Vandag is daar tog genoeg netwerke (fisies en virtueel) wat aan 'n gelowige die dinge kan bied wat die kerk vir so lank onontbeerlik gemaak het. Tog word daar steeds van die kerk verwag om 'n rol in bemiddelende godsdiens tydens groot gebeure en vieringe te speel (Davie 2007, loc. 348). Die kerk en kerklike dogma word dus nog 'n funksie, nog 'n verbruikersitem.

Die kerk verkoop egter nie godsdienstige produkte nie, maar is 'n gemeenskap van gestuurdes om die Goeie Nuus van God se storie met God se mense te verkondig (Keum (red.) 2013:29). Die kerk se voortbestaan is in hierdie geroepenheid gesetel, maar ook in die kerk se vermoë om ander te begelei om in die storie van God en God se mense in te tree. Die kerk móét uitgaan na die wêreld (Bosch 2011:400; Algemene Sinode 2013:203).

Ammerman (2014, loc. 1081) se navorsing toon duidelik dat persone wat gereeld godsdienstige byeenkomste bywoon, meer geneig is om hul spiritualiteit in verskeie ruimtes en op verskeie maniere uit te leef. 'n Soortgelyke verband is in die empiriese navorsing aangetref.

Smit (2009:106) beskryf die erediens as sentraal tot die gereformeerde identiteit. Gereformeerdheid is egter nie in 'n bepaalde formaat nie, maar eerder die reformerende aard van die kerk (Smit 2009:94). Dit is kenmerkend van die gereformeerde tradisie dat gebruike soos die erediens voortdurend heroorweeg word. Daarom kan die formaat en inhoud van

eredienste vernuwe en anders aangebied word (Smit 2009:94). Meylahn (2012:33) skryf dat veranderinge as reaksie op die postmoderne konteks nie kosmetiese veranderinge kan wees nie. Dit gaan eerder oor ’n dieper teologiese verandering. Vanuit hierdie teologiese verandering vloei ’n formaat wat missionaal, eerder as aanloklik, is.

Die tradisionele erediens hoef dus nie totaal afgeskaf te word nie, maar alternatiewe vorme van eredienste moet ook geskep en erken word. Hiervan is die Fresh Expressions-beweging[8] ’n goeie voorbeeld. Sodoende kan die kerk se kontrakulturele roeping vervul word deur téén ’n individualistiese kultuur, wat ook soms godsdiens ’n individuele saak wil maak, te getuig. Drescher (2016) lig wel uit dat mense wat nie kerk bywoon nie en/of nie ’n godsdiens beoefen nie, se spiritualiteit nie noodwendig individualisties is nie, maar bloot dat hulle geloofs-gemeenskappe anders lyk. Kan die kerk hierdie gemeenskappe raaksien en by hulle aansluit?

Gereformeerdheid word sodoende dus weer ’n moontlikheid vir millenniërs – nie deurdat hulle die klassieke erediens bywoon nie, maar wel deurdat hulle in ’n vorm van ’n gemeenskap van gelowiges tree. Die uitnodiging aan die kerk is om die ou idees van hoe kerk moet lyk, te laat afsterf en as gemeenskap van gelowiges uit die as op te staan sodat daar kerk anderkant kerk (*ana-ekklesia*) kan wees.

5.2 Geleefde teologie

Anateïsme en *ana-ekklesia* maak *analeitourgia* moontlik. Volgens Klomp en Barnard (2018:28) maak Kearney se a*nateïsme* die weg oop om klassieke begrippe oop te breek sodat dit moontlik is om sakramentaliteit te sien in handelinge wat in ’n streng kerklike sin nie as sakramenteel gesien sou word nie. Schippers (2015:229) gebruik die term *heiliging van die alledaagse* (*casual sacrality*) om te verwys na die vlugtige, terloopse, gemaklike en informele formaat van aanbidding (sien Klomp en Barnard 2018:29). Klomp en Barnard (2018:30) bou voort hierop met die term *sakramente van die alledaagse* (*casual sacramentality*). Dit is om God (of die Ander) in die fisieke bestaan te verwelkom.

Hierdie heiliging van die alledaagse en sakramente van die alledaagse hou verband met geleefde teologie. Dit verwys na die wyse waarop teologie in ’n verhouding met God uitdrukking deur rituele en praktyke in die alledaagse lewe kry en hoe dit teologie in daardie alledaagse lewe beïnvloed (Miller-McLemore 2012:103).

Om die geloofsgemeenskappe en geloofspraktyke wat wel daar is, te begin herken, is dit nodig om die geleefde teologie van kerklos millenniërs te verstaan – nie net in terme van hulle gebede nie, maar in totaliteit. Hierdie geleefde teologie is hibried en verkry inspirasie uit beide spirituele en ateïstiese wêreldbeskouinge, uit beide die heilige en die wêreldse (sekulêre; Gräb 2012:86–7; Ward 2017:57, 86–7). Die wyse waarop die kerk die spirituele en die wêreldse van mekaar skei, word in elk geval deur millenniërs as vals beskou (Kinnaman 2011:97).

Ammerman (2014, loc. 5585) se navorsing dui daarop dat die meeste godsdienstige persone spirituele praktyke het wat met alledaagse, soms skynbaar wêreldse, aktiwiteite te make het. Om Bybel te lees, kerk by te woon en te bid is dus maar slegs ’n gedeelte van die spirituele lewe van die gelowige. Of ’n ruimte of aktiwiteit heilig is of nie, word bepaal deur die individu se toe-eiening van die ruimte (Ammerman 2014, loc. 5611). Hierdie alledaagse karakter van geleefde teologie verbreed die klem vanaf die tipiese spirituele praktyke na die mees eenvoudige handelinge, soos stokperdjies en ontspanning (Ganzevoort en Roeland 2014:95).[9]

5.3 Rituele

Geleefde teologie lei dus tot ’n *analeitourgia* wat liturgieë in nuwe vorme giet. Dit is om liturgie ook anderkant tradisionele (en kerklike) vorme van liturgie te soek. Waar *anateïsme* die weg oopmaak om nuut te dink oor liturgieë, maak *analeitourgia* die weg oop om nuut te dink oor rituele. Rituele vorm die beginpunt van hierdie navorsing, maar dit word voorgestel as die eindpunt. Daarom word rituele voorgestel om deur middel van nuwe vorme van liturgie (analeitourgia) in nuwe samekomste (ana-ekklesia) iets van die misterie van God (anateïsme) te ontdek.

Die kerk is gewoond daaraan om te dink oor rituele binne die tradisionele erediens(ruimte), en hierdie denke is belangrik. Navorsing onder Jode wat nie aan ’n sinagoge verbonde is nie, beklemtoon egter die rol van rituele buite die erediens (Davidman 2007, loc. 876). Daar is wel ’n beweging in protestantse kringe na ’n “aktiewe soeke na ’n liturgie wat die alledaagse lewe beïnvloed” (Wepener 2009:189).

Om rituele buite die erediens te bestudeer, beteken ook om te kyk na missionale rituele wat vanuit die kerk na buite, na millenniërs, beweeg. Volgens *Handleiding vir die Erediens* (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2010:227) is missionale rituele (of liturgie) dus meer as net rituele wat gerig is op diegene wat nie gewoonlik aan die liturgie van gemeentes deelneem nie. Dít is sluit rituele buite die erediens in (Wepener 2008:12).

Dit is belangrik om te besef dat missionale rituele nie noodwendig vra dat die diepte van die kerk se eie rituele prysgegee of versag moet word nie. Die nagmaal hoef byvoorbeeld nie met bloot ’n simboliese handeling vervang te word soos in die *Handleiding vir die Erediens* (Nederduitse Gereformeerde Kerk 2010:228) voorgestel word nie. Millenniërs soek nie soetsappige antwoorde nie en beskuldig juis die kerk van oppervlakkigheid (Kinnaman 2011).

Ammerman (2014, loc. 294) beklemtoon die belang van rituele in die alledaagse en wys daarop dat die veranderinge van die tye verhoed dat godsdiens slegs in voorspelbare ruimtes of vorme gevind word. Hierdie siening is in ooreenstemming met *anateïsme*, *ana-ekklesia* en *analeitourgia* wat juis van voorspelbare vorme wegbeweeg na ’n openheid om God en kerk in alternatiewe ruimtes te vind. Van die heilige (sakrale) rituele wat geïdentifiseer is, sluit tradisionele Christelike rituele in, maar so ook oefening, kuns, en die besteding van geld. Soortgelyk hieraan handel Warren se *Liturgy of the ordinary* (2016) oor die heilige in alledaagse roetines soos bedopmaak, tandeborsel en jou sleutels verloor. Interessant genoeg was gebed die mees spirituele algemene praktyk in Ammerman (2014, loc. 1298) se navorsing. Gebed was selfs deel van die roetine van sommige kerklos lidmate, soos ook in ons navorsing gevind is (Ammerman 2014, loc. 1340).

Ons het egter ook bevind dat gebed nie noodwendig tot tradisionele handelinge en ruimtes beperk is nie. Die medenavorsers skryf immers oor gebed tydens meditasie en dans, in die badkamer en in die winkelsentrum. Dink die kerk ook aan hierdie praktyke en plekke wanneer hulle oor millenniërs se geloofslewe besin?

Hoe sal nuwe missionale rituele dan lyk? Osmer (2008) se model vir praktiese teologiese ondersoek vra immers nie net na dit wat aan die gebeur is nie. Die pragmatiese vraag in die model behels ook dat die navorser soek na gepaste benaderinge as reaksie op dit wat aan die gebeur is (Osmer 2008, loc. 91). Watter rituele kan ontwikkel word om te dien as reaksie op ’n generasie wat kerklos is, maar steeds in *God, die Versorger met ons* glo?



Figuur 2. Voorstel vir die ontwikkeling van missionale rituele

Die wyse waarop nuwe missionale rituele ontwikkel kan word, word hier skematies voorgestel, en hierdie skema is ’n vergestalting van hoe al die insigte vanuit die teoretiese literatuur en insigte uit die empiriese studie tot ’n geheel geïntegreer word. Die voorstel word in Figuur 2 geïllustreer.

’n Goeie beginpunt vir die kerk kan wees om met die konkrete, geleefde teologie van millenniërs te werk. Twee fasette is hier van belang, naamlik die rituele (hetsy heilig of nie) wat daar alreeds in millenniërs se alledaagse lewens is en die unieke kontekste van die millenniërs, veral kragtens hul verliese en vieringe (in die besonder rondom liminaliteit). Die doel is om te kyk watter rituele by watter kontekste pas, met ander woorde watter doel dien elk van die rituele. Watter verliese of vreugdes word beklaag of gevier en watter nie? Braaivleisvure, sosiale media en reis het byvoorbeeld dikwels te make met oorgangsmomente of met vieringe van (of selfs die soeke na) die goeie lewe.

Om hier te begin, is om te (h)erken dat rituele reeds deel is van millenniërs se bestaanswêreld en een van die kernmaniere is waarop hulle hul identiteit en waardes uitdruk. Die doel is nie hier om onkrities te kyk nie, maar eerder om te beskryf en ’n beeld van millenniërs se geleefde liturgieë te kry. Die kerk werk in hierdie model vanuit ’n plek van weerloosheid (vanweë die kerk se a/teïsme) en vanaf die grondvlak na bo. Om hierdie rede moet kerke versigtig wees om nie leemtes te wil hanteer deur dadelik dringend en eerste iets te doen nie, maar om eerder te kyk na dit wat reeds bestaan.

Die doel is dan om, gehoorsaam aan Joël se oproep, saam met millenniërs in hul alledaagse lewe en liturgieë te vergader, hetsy by die gimnasium, kroeg of op sosiale media. Dit is belangrik om te beklemtoon dat dit nie net die werk van die kerkleierskap is nie, maar, getrou aan missionaliteit, van elke lidmaat. Dit is ook belangrik om nie hierdie byeenkomste en verhoudings te reduseer tot hulle funksionaliteit nie. Om by millenniërs te wees en met hul in ’n verhouding te staan, is die einddoel. Wat volg, kom eenvoudig hieruit voort. Opregtheid is vir millenniërs van groot waarde en enige bymotiewe sal vinnig opgelet word en dan verhoudings belemmer.

In hierdie lewe en liturgie saam met millenniërs word die geleentheid geskep om God as en in die Ander te ontmoet (*anateïsme*). Wanneer die kerk wel deel geword het van die mense in hul binnegroepe, het die kerk die geleentheid om die heilige in die alledaagse saam met ander raak te sien. Hier word daar met onderskeiding omgegaan om te sien waar God betrokke is en waar God in die vreemde(ling) teenwoordig is. Dit is om te vra na wat buitengewoon is in die gewone handelinge en ruimtes. Dit is byvoorbeeld om op te let na die gemeenskap wat binne 'n nuwe huis vorm aanneem of om raak te sien hoe iemand se werk 'n verskil maak.

Die eerste stap van missionaliteit is om te onderskei waar God aan die werk is. Die tweede stap is om by God aan te sluit. Daarom is die klem weer op *aansluit*, maar hierdie keer word daar by die Gees aangesluit. God se teenwoordigheid in die samekoms met millenniërs word (h)erken. Die gevolg is dat daar gekyk word na maniere waarop daar aan hierdie teenwoordigheid en werk van God deelgeneem kan word.

Dit is eers dan dat kerke, vanuit verhoudings en deelname, vanuit hul deelname aan millenniërs se geestelike binnegroepe, normatief kan begin optree om rituele te verdig of te transformeer. Dit kan gedoen word aan die hand van stories of handelinge wat die heilige elemente uitlig of die afbrekende elemente uitdaag. Die kerk word gevra om nie al die antwoorde te gee nie, maar om vanuit 'n plek van omgee, eerder as oordeel, rituele uit te daag en aan alternatiewe rituele te help bou. Dit is hierdeur dat die kerk, vanuit 'n beweging van *ana-ekklesia* en *anateïsme* deur *analeitourgia* kan deel word van 'n geloofsgemeenskap wat in mense se alledaagse lewens en in mense se kontekste en in die Heilige Gees gegrond is.

6. Gevolgtrekking

Die vraagstuk rakende millenniërs se afwesigheid in die kerkbanke nooi die kerk om nuut te dink oor die God wat Christene aanbid (*anateïsme*), oor wie die kerk self is (*ana-ekklesia*) en oor die handelinge waarin God en die kerk mekaar ontmoet (*analeitourgia*). Dit is 'n missionale roeping wat die kerk nooi om altyd te reformeer (*semper reformata)* sodat die kerk kerk kan wees saam met diegene wat God anderkant die (tradisionele) kerk soek.

Die bestudering van kerklos millenniër-Christene se gebede herinner die kerk daaraan dat *kerkloos* en *Godloos* nie sinonieme is nie. Baie kerklos millenniër-Christene se gebede getuig van 'n lewegewende verhouding met 'n God wat versorgend en teenwoordig is. Tog word daar ook gesien dat daar 'n behoefte is aan 'n *reël van ongeloof*, 'n *lex non credendi*, wat ruimte maak om God vanuit 'n plek van onkunde te ontmoet. Dit is eers wanneer mense hul greep op hul Godsbegrip, sowel as hul begrip van kerkwees, verander dat hulle die kreatiewe ruimte kan betree waar rituele opnuut gebruik kan word om God saam met millenniërs te aanbid.

Deur bestaande rituele aan die verliese en vreugdes van millenniërs te koppel, kan daar by bestaande rituele aangesluit word en saam gekyk word hoe God in die vreemde(ling) ontmoet kan word. Wanneer die werking van God onderskei is, kan daar by die Gees aangesluit word en kan die rituele van kerklos millenniër-Christene verdig en uitgedaag word om saam 'n gegronde geloofsgemeenskap te vorm.

Bibliografie

Algemene Sinode. 2013. Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk. http://www.ngkerkas.co.za/index.php/dokumente/standpunte/besluite-en-studiestukke-van-die-algemene-sinode (10 Julie geraadpleeg).

Ammerman, N.T. 2014. *Sacred stories, spiritual tribes: Finding religions in everyday life* [Kindle-uitgawe]. New York: Oxford University Press.

Ammerman, N.T. (red.). 2007. *Everyday religion: observing modern religious lives* [Kindle-uitgawe]. New York: Oxford University Press.

Arnett, J.J. 2010. Oh. Grow up! Generational grumbling and the new life stage of emerging adulthood – commentary on Trzesniewski & Donnellan. *Perspectives on Psychological Science,* 5(1):89–92. http://jeffreyarnett.com/Arnett%20new%20website/Articles/ohgrowuppps2010.pdf (17 Julie 2019 geraadpleeg).

—. 2019. Emerging adulthood. In Biswas-Diener en Diener (reds.) 2019.

Barnard, M., J. Cilliers, en C. Wepener. 2014. *Worship in the network culture: Liturgical, ritual studies. Fields and methods, concepts and metaphors.* Leuven: Uitgeverij Peeters.

Birks, M. en J. Mills. 2011. *Grounded theory: A practical guide*. Londen: Sage.

Biswas-Diener, R. en E. Diener (reds.). 2019. *Noba textbook series: Psychology*. Champaign: DEF Publishers. https://nobaproject.com/modules/emerging-adulthood (17 Julie 2019 geraadpleeg).

Bosch, D.J. 2011. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission*. 20ste-herdenking-uitgawe. New York: Orbis books.

Brunsdon, A.R. en G.A. Lotter. 2011. Outo-etnografie as selfhulp vir predikante met bedieningsmoegheid: Verkennende opmerkings. *Verbum et Ecclesia,* 32(1). https://doi.org/10.4102/ve.v32i1.465 (7 Julie 2017 geraadpleeg).

Bryant, A. en K. Charmaz (reds.). 2007. *The Sage handbook of grounded theory*. Londen: Sage.

Davidman, L. 2007. The new voluntarism and the case of unsynagogued Jews. In Ammerman (red.) 2007.

Davie, G. 2007. Vicarious religion: a methodological challenge. In Ammerman (red.) 2007.

De Clerck, P. 1994. “Lex orandi. lex credendi”. The original sense and historical avatars of an equivocal adage. Vert. T.M. Winger. *Studia Liturgia,* 24(2):178–200.

Dicey, L. 2016. South African millennials different from US millennials. *Financial Times*. https://www.businesslive.co.za/redzone/news-insights/2016-01-13-south-african-millennials-different-from-us-millennials (18 Junie 2019 geraadpleeg).

Dimock, M. 2019. Defining generations: where millennials end and Generation Z begins. *Pew Research Center.* 17 Januarie. https://www.pewresearch.org/fact-tank/2019/01/17/where-millennials-end-and-generation-z-begins (21 Januarie 2019 geraadpleeg).

Drescher, E. 2016. *Choosing our religion: The spiritual lives of America's nones* [Kindle-uitgawe]. New York: Oxford University Press.

Elizabeth, M. 2016. Lex orandi est lex credendi? The God of Anglican liturgy. *New Blackfriars*, 97(1067):52–73.

Flynn, D.S. 2015. Aanbidding, sport en sosiale kohesie: 'n Ruimtelik-liturgiese perspektief. PhD-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Fresh Expressions. What is a fresh expression? http://freshexpressions.org.uk/about/what-is-a-fresh-expression (27 Julie 2019 geraadpleeg).

Ganzevoort, R.R. en J. Roeland. 2014. Lived religion: the praxis of Practical Theology. *International Journal of Practical Theology*, 18(1):91–101.

Geldhof, J. 2010. Liturgy as theological norm getting acquainted with liturgical theology. *Neue Zeitschrift für Systematische Theologie und Religionsphilosophie*, 52(2):155–76.

Gräb, W. 2012. Practical theology as a religious and cultural hermeneutics of Christian practice. *International Journal of Practical Theology*, 16(1):79–92.

Greyling, A. 2018. Belydenisaflegging in die NG Kerk: 'n Ritueel-liturgiese ondersoek. MTh-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Hamman, J.J. 2019. *The millennial narrative: Sharing a good life with the next generation* [Kindle-uitgawe]. Nashville: Abingdon Press.

Heid, M. 2018. There's worrying new research about kids' screen time and their mental health. *Time*. 29 Oktober. https://time.com/5437607/smartphones-teens-mental-health (21 Julie 2019 geraadpleeg).

Howe, N. 2019. Millennials and the loneliness epidemic. *Forbes*, 3 Mei. https://www.forbes.com/sites/neilhowe/2019/05/03/millennials-and-the-loneliness-epidemic/#27a76f007676 (13 Julie 2019 geraadpleeg).

Kangwa, J. 2017. Lex orandi, lex credendi: Eco-theological perspectives on Christian worship in Africa. *The Expository Times*, 128(10):479–90.

Kearney, R. 2010. *Anatheism: Returning to God after God* [Kindle-uitgawe]. New York: Columbia University Press.

Keum, J. (red.). 2013. *Together towards life*. World Council of Churches Publications. https://www.oikoumene.org/en/resources/publications/TogethertowardsLife_MissionandEvangelism.pdf (5 April 2019 geraadpleeg).

Kinnaman, D. 2011. *You lost me: Why young Christians are leaving church … and rethinking faith* [Kindle-uitgawe]. Grand Rapids: Baker Books.

Klomp, M. en M. Barnard. 2018. *Dagelijkse kost: Het verband tussen keukentafel en avondmaalstafel in de hedendaagse cultuur.* In Klomp, Smit en Speckmann (reds.) 2018.

Klomp, M., P.B. Smit en I. Speckmann (reds.). 2018. *Rond de tafel: Maaltijd viering in liturgische contexten*. Heeswijk: Berne Media.

MacDonald, S. en N. Hedlam. 2011. Research methods handbook: Introductory guide to research methods for social research, Centre for Local Economic Strategies. http://www.cles.org.uk/wp-content/uploads/2011/01/Research-Methods-Handbook.pdf (12 Julie 2019 geraadpleeg).

Marsh LLC. 2019. Political risk map 2019: Rising geopolitical tensions. https://www.marsh.com/us/campaigns/political-risk-map-2019.html (15 Julie 2019 geraadpleeg).

Martine, G. en J.E.D. Alves. 2015. Economy, society and environment in the 21st century. *Revista Brasileira de Estudos de População*, 32(3):433–59. http://www.scielo.br/pdf/rbepop/v32n3/en_0102-3098-rbepop-S0102-30982015000000027P.pdf (2 Desember 2019 geraadpleeg).

McGrath, A.E. 2011. *Christian theology: An introduction*. 5de uitgawe. Londen: Wiley-Blackwell.

Meylahn, J.A. 2012. *Church emerging from the cracks: A church in, but not of the world*. Bloemfontein: SunPress.

Miller-McLemore, B.J. 2012. *Christian theology in practice: Discovering a discipline*. Grand Rapids: Eerdmans.

Miller-McLemore. B.J. (red.). 2012. *The Wiley-Blackwell companion to practical theology*. West Sussex: Blackwell Publishing.

Mitchell, K.R. en H. Anderson. 1983. *All our losses, all our griefs: Resources for pastoral care.* Philadelphia: Westminster Press.

Müller, J. 2011. *Om te mag twyfel: 'n Gelowige se reis*. Wellington: Bybel-Media.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2010. *Handleiding vir die erediens*. Wellington: Bybel-Media.

Nel, M. en Z. van der Westhuizen (reds.). 2015. *Skokkend positief: Insigte vanuit nuwe navorsing oor aktiewe Afrikaanse kerkjeug.* Wellington: Bybelkor.

Ngozo, T. en S. Mtantato. 2018. Basic education is failing the economy. *Mail & Guardian.* 23 November. https://mg.co.za/article/2018-11-23-00-basic-education-is-failing-the-economy (17 Julie 2019 geraadpleeg).

Nobel, J. 2018. Does social media make you lonely? *Harvard Health Publishing*. 21 Desember. https://www.health.harvard.edu/blog/is-a-steady-diet-of-social-media-unhealthy-2018122115600 (19 Julie 2019 geraadpleeg).

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: An introduction* [Kindle-uitgawe]. Grand Rapids: Eerdmans.

—. 2011. Practical theology: A current international perspective. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 67(2). http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i2.1058 (11 Maart 2019 geraadpleeg).

Pieterse, H.J.C. 2010. Grounded theory approach in sermon analysis of sermons on poverty and directed at the poor as listeners. *Acta Theologica*, 30(2):113–29. http://www.scielo.org.za/pdf/at/v30n2/v30n2a09.pdf (6 Junie 2016 geraadpleeg).

—. 2017. Scientific-theoretical research approach to practical theology in South Africa: A contemporary overview. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies,* 73(4). https://doi.org/10.4102/hts.v73i4.4483 (9 Maart 2019 geraadpleeg).

Reader, J. 2008. *Reconstructing practical theology: The impact of globalization*. Londen: Ashgate Publishing.

Rollins, P. 2006. *How (not) to speak of God*. Brewster: Paraclete Press.

SAHRC. 2017. Research brief on race and equality in South Africa 2013–2017. https://www.sahrc.org.za/home/21/files/RESEARCH%20BRIEF%20ON%20RACE%20AND%20EQUALITY%20IN%20SOUTH%20AFRICA%202013%20TO%202017.pdf (24 Mei 2019 geraadpleeg).

Schippers, I. 2015. Sacred places in the suburbs: casual sacrality in the Dutch VINEX-district Leidsche Rijn. PhD-proefskrif. Tilburg School of Humanities and Digital Sciences.

Smit, D.J. 2004. Lex orandi. Lex credendi. Lex (con)vivendi? Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(3–4):887–907.

—. 2009. Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens. In Wepener en Van der Merwe (reds.) 2009.

Smith, C., K. Christoffersen, H. Davidson en P.S. Herzog. 2011. *Lost in transition: The dark side of emerging adulthood*. New York: Oxford University Press.

Smith, J.K.A. 2009. *Desiring the kingdom: Worship, worldview and cultural formation. Cultural Liturgies.* Vol. 1. Grand Rapids: Baker Academic.

StatsSA. 2018a. An exploration of nuptiality statistics and implied measures in South Africa: Community survey 2016. http://www.statssa.gov.za/publications/03-01-25/03-01-252016.pdf (7 Julie 2019 geraadpleeg).

—. 2018b. Four out of ten marriages end in divorce before their 10th anniversary. Data Stories. 4 Junie. http://www.statssa.gov.za/?p=11192 (7 Julie 2019 geraadpleeg).

—. 2018c. Youth unemployment still high in Q1: 2018. Data stories. 15 Mei 2018. http://www.statssa.gov.za/?p=11129 (7 Julie 2019 geraadpleeg).

Steyn, M. 2016. A grounded theory analysis of sermons on racism. MDiv-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

—. 2018. Ken ons ons jong volwassenes? *Die Kerkbode,* 5 Maart. https://kerkbode.christians.co.za/2018/03/05/ken-ons-ons-jong-volwassenes (5 Februarie 2019 geraadpleeg).

Urquhart, C. 2013. *Grounded theory for qualitative research: a practical guide*. Londen: Sage.

Van der Westhuizen, Z. 2015. Voorwoord. In Nel en Van der Westhuizen (reds.) 2015.

Ward, P. 2017. *Introducing practical theology: Mission, ministry, and the life of the church*. Grand Rapids: Baker Academic.

Warren, T.H. 2016. *Liturgy of the ordinary: Sacred practices in everyday life*. Downers Grove: InterVarsity Press.

Wasserman, H. 2019. SA's economy is shrinking at an alarming rate – and only oranges and interest rates are offering hope. *Business Insider South Africa*. 4 Junie. https://www.businessinsider.co.za/economic-growth-first-quarter-of-2019-2019-6 (7 Junie 2019 geraadpleeg).

Wepener, C.J. 2008. Liturgy on the edge of tradition. *PTSA*, 23(2):313–35.

Wepener, C.J. (red.). 2009. Ontdek die draaipunte in die geskiedenis van die liturgie. In Wepener en Van der Merwe (reds.) 2009.

Wepener, C.J. en A. Greyling. (reds.). 2019. *Ongekaart. 'n Bronboek met roetemerkers vir oorgange. Aanneming, skoolverwisseling, egskeiding, geslagsverandering, selfdegeslag huwelike, aftrede, versoening, rou op die internet en meer.* Wellington: Bybel-Media.

Wepener, C.J. en J. van der Merwe (reds.). 2009. Ontdekkings in die erediens. Wellington: Lux Verbi.BM. Yilmaz, K. 2013. Comparison of quantitative and qualitative research traditions: Epistemological, theoretical, and methodological differences. *European Journal of Education,* 48(20):311–25.

Eindnotas

[1] Sien David Kinnaman en die Barna Group se video op https://www.youtube.com/watch?v=jitHsBPGtUY.

[2] Pew Research Center, as gesaghebbende bron vir navorsing oor millenniërs, se afbakening van millenniërs as persone wat tussen 1981 en 1996 gebore is, word verkies (Dimock 2019). Sien egter ook byvoorbeeld Hamman (2019, loc. 224) en Kinnaman (2011:21) se afbakeninge.

[3] *Kerklos* is 'n liturgies-gedefinieerde term wat betrekking het op die mate waartoe 'n persoon binne 'n kerkverband amptelik ritueel-liturgies aktief is, en beskryf persone wat oor die afgelope ses maande nie 'n erediens by enige kerk bygewoon het nie. Die volgende bywoning word nie gereken nie: (i) spesiale geleenthede; (ii) groot Christelike feesdae; (iii) bywoning ter wille van iemand anders; en (iv) bywoning om inskakeling te oorweeg, sonder dat die erediens weer bygewoon word. Die onderliggende aanname is dat persone wat slegs hierdie eredienste bywoon, steeds nie die kerk as aanbiddingsruimte kies nie en dus as kerklos beskryf kan word. Die definisie soos uiteengesit is weliswaar baie tradisioneel en ekklesiologies-gesentreerd. Aangesien die navorsing egter wil kyk na die erediens as aanbiddingsruimte, is daar besluit om spesifiek na die keuse vir (of teen) hierdie aanbiddingsruimte te kyk.

[4] Etiese klaring vir die navorsing is vooraf van die Navorsingsetiekkomitee van Fakulteit van Teologie en Religie van die Universiteit van Pretoria verkry. Medenavorsers het ook ingeligte toestemming gegee.

[5] Die kodering is per hand gedoen. Die data is in kleiner dele opgebreek en gekodeer. Ter illustrasie van hierdie proses kan die volgende dankgebed dien: "Ek sê dankie dat dit goed gaan met 'n vriendin met wie dit swaar gegaan het." Dit gee vier kodes wat onder vier kategorieë val: (i) dank; (ii) die goeie/sukses; (iii) vriende en familie; en (iv) mense wat swaarkry. 'n Kategorie word as sodanig gereken slegs mits die kategorie in minstens helfte van die medenavorsers se gebede teenwoordig was.

[6] Sien Heid (2018), Howe (2019) en Nobel (2018) vir artikels wat die impak van tegnologie op verhoudings bespreek.

[7] Sowat 44,4% van huwelike in Suid-Afrika eindig in die eerste 10 jaar in egskeiding (StatsSA 2018a).

– Millenniërs trou al hoe later of glad nie (StatsSA 2018b). Tog woon 8,3% van Suid-Afrikaners saam, waaronder die meerderheid ouderdom 25–39 is (StatsSA 2018a:11, 22). Die verlies aan verhoudings is dus nie te versmaai nie.

– Meer as een uit elke drie jong volwassenes (onder die ouderdom van 34) was werkloos in die eerste kwart van 2018 (StatsSA 2018c).

[8] Fresh Expressions is 'n missionale beweging wat ruimtes van aanbidding skep in alternatiewe ruimtes waar mense reeds vergader (https://freshexpressions.org.uk).

[9] Navorsing soos dié van Ammerman (2014), Flynn (2015) en Miller-McLemore (2012b) kyk na verskeie alledaagse aktiwiteite en ruimtes waar die skeiding tussen heilig en wêrelds vervaag en verdun.